- e) Die lieuwe meisie het geen familie nie
- f) Die mens het 'n diepe behoefte na vrede.

Intensiewe vorme (bl. 80–82)

- 1.
 - a) pikdonker/stikdonker ✓
 - b) stokou ✓
 - c) doodslegte ✓
 - d) bloedrooi ✓
 - e) potblou/hemelsblou ✓
 - f) doodstil/tjoepstil ✓
 - g) wildvreemde ✓
 - h) doodernstige/sielsernstige ✓
 - i) splinternuwe ✓
 - j) glashelder/klokhelder ✓

2. Blokkiesraaisel.

NS, errata – 8. AF is verwyder en sal met die herdruk reggestel word.



LEIDRADE	
DWARS	AF
4 deur	1 beroemd
5 jammer	2 nuuskierig
7 dik	3 vaal
10 toe	6 mak
12 verskriklik	
15 dom	9 koel
16 bly	11 skerp
	13 grys
	14 geel

Trappe van vergelyking (bl. 83–85)

1.

	STELLENDEN TRAP	VERGROTENDE TRAP	OORTREFFENDE TRAP
a)	vroeg	vroeër as ✓	die vroegste ✓
b)	skeef ✓	skewer as	die skeefste ✓
c)	goed ✓	beter as ✓	die beste
d)	vaal	valer as ✓	die vaalste ✓
e)	permanent	meer permanent as ✓	die mees permanente ✓
f)	gekwalifiseerd ✓	beter gekwalifiseerd as	die beste gekwalifiseerd(e) ✓
g)	stip ✓	stipter as	die stipste ✓
h)	slu ✓	sluwer/sluer as ✓	die sluuste
i)	kwaad ✓	kwater as	die kwaadste ✓
j)	ru	rueer/ruer as ✓	die ruuste ✓
k)	ruig	ruier as ✓	die ruigste ✓
l)	skraal	skraler as ✓	die skraalste ✓
m)	hard ✓	harder as	die hardste ✓
n)	eerloos ✓	eerloser as ✓	eerloosste
o)	tragies	tragieser/meer tragies as ✓	die tragiesste/mees tragiese ✓
p)	warm ✓	warmer as	die warmste ✓
q)	rats	ratser as ✓	die ratsste ✓
r)	min	minder as ✓	die minste ✓
s)	prakties	praktieser/meer prakties as ✓	die praktiesste/mees praktiese ✓
t)	opgewonde	meer opgewonde as ✓	die mees opgewonde ✓
u)	onverskrokke ✓	meer onverskrokke as	die mees onverskrokke ✓
v)	voor op die wa	meer voor op die wa as ✓	die mees voor op die wa ✓

2.

- a) moeliker ✓
meer vervelig/verveliger ✓
- b) die beste ✓
- c) groter, skerper ✓
- d) groter ✓
- e) vlakker ✓
- f) nuwer/die nuutste ✓
- g) meer verwoede ✓
- h) grimmiger ✓
- i) interessanter ✓

Deelwoorde (bl. 85–87)

1. Die leerders maak van die deelwoorde in sinne van hul eie gebruik, bv.

- a) Hy vertel my laggend van die onverskrokke seun. OF
Hy het laggende oë. ✓
- b) Sy is nie bang om 'n helpende hand uit te reik nie. OF
Sy wag in die voorportaal om geholpe te raak. ✓
- c) Positiewe denke verryk jou lewe. ✓
- d) Die hond hardloop al blaffend in die werf rond. OF
Blaffende honde byt nie. ✓

EN

Die meisie moet die sprong waag en die seun na die bal vra. OF
Die hond dans al springend om my bene. ✓

'n Padda is 'n klein, springende diertjie wat naby water woon. ✓
Sy is 'n geslote boek en verklap nie veel van haarself nie. ✓

EN

Sy skryf graag briewe in lopende skrif. ✓

2.

- a) gaande ✓
- b) ontsteld ✓
- c) voorbedagte ✓
- d) skreeuende ✓
- e) geëerde ✓
- f) gesifte ✓
- g) mislukte ✓
- h) geslote ✓
- i) verborge ✓
- j) Gedane ✓

Hersiening (bl. 88–89)

1. beter (as) ✓ , (die) beste ✓ (2)
2. Attributief, want die woord word voor die selfstandige naamwoord gebruik. ✓✓ (2)
3. laggend/laggende ✓
Die laggende rugbyspelers stap van die veld af. ✓ (2)
4. geskopte ✓ (1)
5. laer (as)/lekkerder (as) ✓ (1)
6. Die stoep is baie koel in die somer. ✓ (1)
7. smullekker ✓ (1)
8. geroepene ✓
Die leerder maak 'n eie sin met geroepene vir EEN punt, bv.
'n Ware onderwyser is 'n geroepene wat nie net skoolhou vir 'n salaris nie. ✓ (2)
9. rugby ✓
veld ✓ (2)
10. *Die leerder vorm 'n eie woord en maak 'n sin daarmee, bv.*
velditem ✓
André neem net aan een velditem tydens die atletiekbyeenkoms deel. ✓ (2)
11. Dui 'n nuwe lettergreep aan (van die woord in die meervoud). ✓ (1)
12. Die woord word nie in die plek van die eienaam gebruik nie. ✓
Die leerder maak 'n sin van sy/haar eie waar Pa as die eienaam gebruik word, bv.
Ek sal Pa help om die skuit te herstel. (2)
13. par-keer-a-re-a ✓ (1)
[20]
- 14.1 *Enige TWEE byvoeglike naamwoorde:*
Nasionale ✓
moontlike ✓
pienk ✓ (2)
- 14.2.1 skelpienk ✓
- 14.2.2 blitsvinnig ✓ (2)
- 14.3.1 dapperder (as), (die) dapperste ✓
- 14.3.2 vinniger (as), (die) vinnigste ✓

31

14.3.3	suksesvoller (as), (die) suksesvolste ✓	(3)
14.4	vinnige ✓	(1)
14.5	'n Afkorting wat met 'n soortnaam verbind, kry 'n koppelteken. ✓	(1)
14.6	drenkeling ✓	(1)
		[10]
		[TOTAAL: 30]

Hoofstuk 5: Werkwoorde en bywoorde

Begripstoets (bl. 90–95)

- 'n Dramageek is iemand wat buitengewoon baie belangstel in/deelneem aan aktiwiteite wat met drama/toneel te make het. ✓
Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.
Nee, want die kinders wat nie baie gewild is nie, is gewoonlik in die dramagroep.
OF
Ja, veral as dit 'n skool is wat drama as vak aanbied. ✓ (2)
- Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Nee, kultuur speel net so 'n belangrike rol in skole as wat sport/krieket speel. ✓ (1)
- Hulle oortuig Marko, die sportheld/hartebreker, om die rol van Romeo te vertolk sodat meer leerders kaartjies vir die vertoning sal koop. ✓ (1)
- “kaartjies verkoop soos soetkoek” ✓ (1)
- #liefde ✓
EN
Ja, dit pas by tieners se manier van kommunikeer/wat op sosiale media kommunikeer. ✓ (2)
- Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Ja, in liefdesverhale is daar gewoonlik 'n gelukkige einde waar die held en heldin met mekaar versoen.
OF
Nee, want Yvette het Marko voor 'n moeilike keuse gestel. / Nee, sy was nie eerlik met Marko nie. ✓ (1)
- Sy is 'n aktrise in 'n toneelstuk wat lank gelede geskryf is. ✓ (1)
- Marko voel emosioneel oor Yvette se woorde/half verlief op Yvette as hy die woorde hoor. ✓
EN
Die woorde pas by Marko wat 'n krieketspeler is. ✓ (2)
- Nee, die drama wat opgevoer word, is in Engels. ✓
EN
“lines” ✓ (2)
- Marko kan homself nie keer nie, hy wil haar soen. ✓
EN
Marko wil nie hê die soen moet ophou nie. ✓
EN
Hy hoor nie hoe iemand by die klas inkom as hy haar soen nie. ✓
EN
Hy sê dat hy nog nooit so gevoel het nie. ✓ (4)
- Hy wil vir Yvette en Marko van sy teenwoordigheid bewus maak/hê Yvette en Marko moet ophou om mekaar te soen. ✓
EN
Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.
Tyler hou nie daarvan dat Marko en Yvette mekaar soen nie. / Tyler wil hê die soen moet ophou. ✓ (2)

12. *Die leerder bied TWEE eie gemotiveerde antwoorde vir EEN punt elk aan, bv.*
Nee, Yvette het van die begin af geweet dat Marko ook krieket speel./dat hulle vir Marko oor die datum gejok het.
EN
Ek sou krieket gekies het, aangesien die datum reeds lank vooraf aan die krieketspelers gegee is. ✓✓ (2)
13. Tyler beskou drama/die toneelstuk/opvoering as belangrik. ✓
EN
Vir Marko is krieket belangrik. ✓
EN
Die toneelspelers trap op sy drome. ✓ (3)
14. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Ja, hulle wou net vir Marko gebruik om genoeg kaartjies vir die vertoning te verkoop. ✓ (1)
15. *Enige TWEE antwoorde:*
Dit kan verwys na sy gevoel vir Yvette.
EN/OF
Marko kan van toneelspel begin hou en nou kan hy nie meer optree nie.
EN/OF
Marko voel dat dit nie regverdig is as hy sy krieketwedstryd moet opoffer nie. ✓✓ (2)
16. In TEKS B word genoem dat daar 'n dubbelbespreking vir die teater was terwyl TEKS C noem dat die datum altyd op 29 April was/daar geen dubbelbespreking is wat die opvoering na 'n ander datum laat verskuif het nie. (1)
17. Nee.
Marko is bereid om aan die toneelopvoering deel te neem ✓ (1)
18. Nee, Marko was moedeloos toe hy van die botsende datum hoor. ✓ (1)
- [TOTAAL: 30]**

Selfstandige naamwoorde (bl. 96–97)

Tye van die werkwoord

- 1.
- Jou Romeo* bekoor ook as boek. ✓
 - In die boek wil ek die leser meer gereed maak. ✓
 - Hy het gereken dat die boek goed as voorgeskrewe boek op skool sal/sou werk. ✓
 - Die storielyn sal deur en deur dieselfde wees. ✓
 - word ✓

Wyses van die werkwoord

- 1.
- Weet Viljoen nie aanvanklik hoe die karakters in die rolprent lyk nie? ✓
 - Gaan kyk na die rolprent se Facebook-blad! ✓
 - Die boek kan/kan dalk/mag meer beskrywings bevat. ✓
- 2.
- Onbepaalde wyse/infinitief ✓
 - Aantonende wyse/indikatief ✓

Oorganklike en onoorganklike werkwoorde (bl. 98)

- 1.
- Onoorganklik ✓
 - Onoorganklik ✓
 - Onoorganklik ✓

- d) Oorganklik ✓
- e) Oorganklik ✓
- f) Oorganklik ✓
- g) Oorganklik ✓
- h) Oorganklik ✓
- i) Onoorganklik ✓
- j) Onoorganklik ✓

Onpersoonlike en wederkerende werkwoorde (bl. 99)

1.
 - a) Onpersoonlike werkwoord ✓
 - b) Wederkerende werkwoord ✓
 - c) Onpersoonlike werkwoord ✓

Koppelwerkwoorde (bl. 99)

1.
 - a) is/was ✓
 - b) was/is ✓
 - c) klink ✓
 - d) raak ✓
 - e) blyk ✓
 - f) lyk ✓
 - g) bly ✓
 - h) voel ✓
 - i) word ✓

Hulpwerkwoorde (bl. 100–101)

1.
 - a) Yvette het haar oë gerol. ✓
Yvette sal haar oë rol. ✓
 - b) In die loop het Marko 'n krieketbal soos 'n glanspersoonlikheid geteken. ✓
In die loop sal Marko 'n krieketbal soos 'n glanspersoonlikheid teken. ✓
 - c) Marko het iets van 'n glanspersoonlikheid probeer sê . . . ✓
Marko sal iets van 'n glanspersoonlikheid probeer sê . . . ✓
 - d) Marko het 'n stil glimlag gekry. ✓
Marko sal 'n stil glimlag kry. ✓
 - e) Dis die krieketbal wat Brink gooi. ✓
Dis die krieketbal wat Brink sal gooi. ✓
 - f) Ander mense dink hy het sy tor verloor, maar dis hoe hy is. ✓
 - g) Hy laat weet haar darem hy gaan laat wees . . . ✓
Hy sal haar darem laat weet hy gaan laat wees . . . ✓
 - h) Sy probeer seker opbly vir hom. ✓
Sy sal seker probeer opbly vir hom. ✓
 - i) Hy maak sy bed goed seer. ✓
 - j) Sy vat Mildred vas. ✓
2.
 - a) Onoorganklik ✓
 - b) Sy verwag duidelik nie die skielike aandag nie. ✓
 - c) Die ander kinders het gelag. ✓
 - d) Mildred sal haar wenkbroue spottend lig. Sy sal vir die kamera kyk. ✓

- e) lig ✓
Oorganklik ✓

3.

- a) Hulpwerkwoord van vorm ✓
- b) Koppelwerkwoord ✓
- c) Koppelwerkwoord ✓
- d) Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓
- e) Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓
- f) Hulpwerkwoord van vorm ✓
- g) Koppelwerkwoord ✓
- h) Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓
- i) Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓
- j) Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓

Deeltjiewerkwoorde (bl. 103–104)

1.

- a) 'n Klomp leerders drom om haar saam. ✓
- b) Die spul leerders kom by Yvette en Tyler verbygestroom. ✓
- c) Pen hulle vas teen die muur. ✓
- d) Ons beweeg aan. ✓
- e) Yvette en Tyler steek weer vas. ✓
- f) Vir 'n oomblik trek iets Yvette se aandag af. ✓
- g) Sy oë trek amper toe van die borrelende lekkerte. ✓
- h) Sy sit die selfoon weer weg. ✓
- i) 'n Lekkerkry-gevoel styg in Marko op. ✓

2. Tyler se oë rek. Hy kyk na Yvette langs hom. Sy gee 'n waddehel-kyk terug. Glip dan saam met Tyler weg. Die res van die Dramabrigade probeer ook wegkom. Maar skielik steek Mildred vas. Haar hand skiet uit na Vera. ✓

Die leerders maak sinne van hul eie met die volgende deeltjiewerkwoorde, bv.:

- teruggee/teruggee ✓
- wegglip/weggeglip ✓
- vassteek/vasgesteek ✓
- uitskiet/uitgeskiet ✓

Onskeibare werkwoorde (bl. 104–105)

1.

- a) “Ag, jy is simpel,” onderbreek Lexi hom suur. ✓
“Ag, jy is simpel,” het Lexi hom suur onderbreek. ✓
- b) Marko het skaars die pakkie in sy hand toe Wicket se stem hard oor die veld weerklink. ✓
Marko het skaars die pakkie in sy hand gehad toe Wicket se stem hard oor die veld weerklink het. ✓
- c) Haar voetstappe weergalm deur die stil vertrek. ✓
Haar voetstappe het deur die stil vertrek weergalm. ✓
- d) Die fyn feetjieliggies omtower die kamer in 'n sprokieswêreld. ✓
Die fyn feetjieliggies sal die kamer in 'n sprokieswêreld omtower. ✓

Infinitief (bl. 105–106)

1.
 - a) Hy lig ook sy vuus, reg om te vuusstamp. ✓
 - b) Uiteindelik kry Yvette dit ook reg om te ontspan. Om die groot oomblik te geniet. ✓
 - c) Hy kom nie ver daarmee nie, want skielik begin sy ma te sing. ✓
 - d) “Ek neem aan jy het ingestem om die play te doen?” vra sy. ✓

2.
 - a) Daarom wil ek probeer om beter te doen. ✓
 - b) Sy kan probeer om Jaco se voete onder hom uit te slaan. ✓
 - c) Romeo probeer om sy asemhaling te beheer. ✓
 - d) Yvette probeer om haar gedagtes weg van Marko af te dwing. ✓
 - e) Almal behoort hom mos te ken. ✓
 - f) Marko hoef nie wakker te bly nie. ✓
 - g) Om te oefen is nie lekker nie. ✓

3.
 - a) Jy hoef nie jou roman te gelees het nie. ✓
 - b) Die doel was om *Romeo en Juliet* op die planke te bring. ✓
Ons gebruik nie “was . . . gewees” in Afrikaans nie, word as pleonasme beskou.
 - c) Verskillende media is gebruik om die narratief van die verhaal oor te dra. ✓
 - d) Die dialoog was soms in die formaat van WhatsApp-boodskappe te sien. ✓

4.
 - a) Is hulle doel om *Romeo en Juliet* op die planke te bring?
OF
Wat is hulle doel met *Romeo en Juliet*? ✓
 - b) Beplan die skoolhoof om opgraderings aan die klubhuis aan te bring?
OF
Wat beplan die skoolhoof met die klubhuis? ✓
 - c) Word Marko oortuig om die rol in Tyler se plek te vertolk?
OF
Waarvan word Marko oortuig? ✓


5.
 - a) Die skrywer sou moes uithaal en wys om die boek ’n lekkerleeservaring te maak. ✓
 - b) Dit was ’n heerlike uitdaging om die film in woorde vas te vang. ✓
 - c) Al wat die kykers hoef te doen is om agteroor te sit en in die droom van *Romeo en Juliet* weg te raak. ✓
 - d) Yvette vra vir Marko Marais om die rol van Romeo te vertolk. ✓
 - e) Seker om moed te skep, vroetel hy met die blomme. ✓

Werkwoorde in vaste verbindinge (bl. 106–107)

1.
 - a) oorleg pleeg
 - b) ’n standpunt huldig
 - c) jou gewete sus
 - d) jou stem verhef
 - e) jou perke ken

2. Blokkiesraaisel.

NS – erratum: Vraag 5 AF se antwoord is “gee” – dit is verwyder van die memorandum en sal met ’n herdruk reggestel word.



LEIDRADE	
DWARS	AF
2 die waarheid sal hoogty...	1 verraad...
4 'n twis tussen twee persone...	2 jou ideale...
6 stappe...	3 die aanstelling van die hand...
7 'n keel...	4 jou dank aan iemand...
8 die goue medalje sal die kroon...	8 'n sug van verligting...
10 die aftog...	9 oorleg... met die hoof
11 reklame... vir 'n produk	
12 die draak met iemand...	

Werkwoorde wat soms verwar word (bl. 107–108)

1. Die leerder maak van 'n verklarende woordeboek gebruik om die betekenis na te slaan en gebruik die woorde in sinne, bv.
 - a) Burgerskap is gister toegeken aan die dokter wat vyf jaar gelede uit Ghana na Suid-Afrika geïmmigreer/immigreer het. (kom na jou land toe)
Die regering moet iets doen om te keer dat soveel Suid-Afrikaanse dokters na ander lande emigreer en vir altyd vir ons land verlore is. (verlaat jou land)
 - b) Wanneer gaan julle die toneelstuk opvoer? (“opvoer” vir drome/toneel)
Die pianis sal 'n klavierkonsert uitvoer. (“uitvoer” vir musiek)/Die vrugte word na Engeland uitgevoer./Jy moet die taak nougeset uitvoer.
 - c) 'n Staat van inperking is deur president Ramaphosa afgekondig. (iets word openbaar gemaak)
President Ramaphosa het aangekondig dat die staat van inperking verby is. (iets word bekend gemaak)
 - d) Ek is besorg oor my ma, wat baie siek is.
Ek versorg my ma terwyl sy siek is.
 - e) Die dief het skuld beken en 'n boete betaal.
Ek het erken dat ek dit gedoen het.
Ek het hom so lank laas gesien dat ek hom amper nie herken het nie.

- f) My pa is begrawe en nie veras nie.
Hy het my op my verjaardag met 'n bos blomme verras.

Bywoorde (bl. 108–112)

1.

- a) Brink stoot sy bors nog verder uit. ✓
Bywoord van wyse ✓
- b) Toe lag sy lekker uit haar maag uit. ✓
Bywoord van wyse ✓
(Bywoordelike bepaling: uit haar maag uit)
- c) Juffrou Goosen, die Wiskundeonderwyser, stap paraat in die gangetjie tussen die lessenaars af. ✓
Bywoord van wyse ✓
(Bywoordelike bepaling: tussen die lessenaars.)
- d) Skelm leun Brink oor na hom toe. ✓
Bywoord van wyse ✓
- e) Brink lyk ook skielik onseker. ✓
Bywoord van wyse ✓
(Lyk onseker is die gesegde.)
- f) “Ek het vroëer vandag met juffrou Goosen gepraat,” antwoord sy. ✓
Bywoorde van tyd ✓
- g) “Ons behoort ten minste vyftig te kan verkoop.” ✓
Bywoordelike bepaling van modaliteit ✓
- h) Hy kyk anderpad. ✓
Bywoord van plek/wyse ✓
- i) “Van die Afrikaanse fliëks is actually nogal goed.” ✓
Bywoorde van modaliteit ✓

2.

Jou Romeo

Datum uitgereik: **Vrydag 23 Desember 2016**

Regisseur: André Velts

Akteurs: Ruan Wessels, Elani Dekker, Christopher van der Westhuizen, Ruan Blum, Row-Lean, Pierre Breytenbach, Diaan Lawrenson, Dirk Stoltz

Gradering: 6 ★★★★★★★★

Dit is **altyd** verblydend as 'n nuwe Afrikaanse rolprent begin, en die **onverbeterlike** *Vir die voëls* het 'n standaard gestel waarop nie **maklik** verbeter sal kan word nie. *Jou Romeo* speel vir 'n ander gehoor, spesifiek 'n skoolgehoor, dus **veral** tieners. Dit gaan oor 'n krieketkaptein (die sjarmante Ruan Wessels) wat deur 'n slim plan omgekoop word om die rol van Romeo in 'n skoolproduksie te speel. Christopher van der Westhuizen, een van ons land se mees talentvolle opkomende jong akteurs, sit agter die plan. *Jou Romeo* verduidelik dan hoe een van hierdie twee Romeos die veer uit sy hoed verloor.

Volwassenes sal dalk nie **noodwendig soveel** as tieners **hierby** aanklank vind nie, en sal dalk 'n bietjie geïrriteerd raak met die hoeveelheid kere wat leerders koel uitdrukings kwytraak. Maar onthou, dit is vir tieners gemaak wat aanklank sal vind by die **warm** soene, bekende akteurs, die komkommerkoel dialoog, die skoolpolitiek wat sy slagoffers katswink slaan, mooi mense met **regop** gejelde kuiwe in taai situasies, en ontwerper-karakters wat probeer om 'n skooldag te oorleef.

Jou Romeo is in 'n televisiestyl verfilm, dus sal mense wat televisie ken **gemaklik** met die tegnieke voel. Dis vir tieners wat net **lekker** wil fliëk, hoog wil opskop, “oe, my woord!” wil sug en op mooi mense verlief raak.

3. *Die leerdere brei die sinne met hulle eie bywoorde uit – a) en b) met enige tipe bywoord – gaan korrekte spelling en konteks/woordorde na, bv.*
- Vies vir die onderbreking, druk Marko die Pauseknoppie teësinnig en staan op om te gaan oopmaak.
 - Hul gesigte blink byna van trots.
 - Yvette glimlag nou.
 - Juliet lig effentjies die beker met die slaapmiddel.
 - Die bouler vuur meteens 'n snelbal af.
- 4.
- Marko sal oormôre gou hier aankom om te oefen.
 - Die toneelgroep oefen deesdae fluks in die saal.
 - Die bal skiet die kolf verby, reguit na die paaltjiewagter se wagtende hande.
 - In die spieël sien sy Tyler versigtig die aantrekkamer binnekom.
 - Die bekende woorde vloei saans gemaklik van haar tong af by die repetisies.

Hersiening (bl. 111–113)

- dramageekies ✓ (1)
- pletter ✓ (1)
- Die woord bestaan uit twee stamme./Dit is 'n samestelling. ✓ (1)
- Die leerdere maak 'n sin van hul eie, bv.*
gebruik: Hoeveel speserye word vir hierdie resep gebruik? ✓
EN
verbruik: Eskom sê die myne gebruik te veel elektrisiteit./Die verbruik van steenkool neem in die somer toe. ✓ (2)
- ... om te red ... OF om te vertolk ... ✓ (1)
- Dit verwys na die Engelse dramaturg, William Shakespeare. Sy naam is verafrikaans na Willem Wikkelspies. ✓ (1)
- Jock is 'n Engelse woord:* 'n Samestelling van 'n vreemde (anderstalige woord) met Afrikaans kry 'n koppelteken. ✓ (1)
- kaart-jies ✓ (1)
- kaar-kies ✓ (1)
- Sou hierdie een 'n gelukkige einde gehad het? ✓ (1)
- honderde jare gelede ✓ (1)
- Onoorganklik, die werkwoord gaan nie oor na 'n direkte voorwerp nie. ✓ (1)
- Bv. Sy binnekant kantel daagliks soos 'n krieketpaaltjie. ✓ (1)
- later ✓ (1)
- vasgevang: Die foto vang die oomblik vas. ✓ (1)
- ... sy het vir hom gewag om die volgende reël te sê. ✓ (1)
- “Ek ken my lines,” antwoord hy later. ✓ (1)
- Onoorganklik, daar is nie 'n voorwerp nie./Oorganklik, daar is 'n geïmpliseerde direkte voorwerp. ✓ (1)
- 19.1 Hulpwerkwoord van wyse/modaliteit ✓ (1)
19.2 Hoofwerkwoord ✓ (1)
- Vraende sinswyse ✓ (1)
- Die leerder maak van 'n bywoord van wyse gebruik om die sin uit te brei, bv.*
Hy voel hoe die lamheid stadig/swaar in hom afsak. (1)
- deurdink ✓ (1)
- is ✓ (1)
- Julle kon nie albei van Suid-Afrika wees nie ... ✓ (1)

25. Oorganklik, die werkwoord gaan oor na 'n voorwerp. ✓ (1)
26. Ja, die twee seuns baklei/veg in hierdie beurt. ✓ (1)
27. Dis nou wat jy 'n vegtersbeurt noem. ✓ (1)
28. "krieket" ✓ (1)

[TOTAAL: 30]

Hoofstuk 6: Lidwoorde, telwoorde, voegwoorde, voorsetsels en tussenwerpsels

Begripstoets (bl. 114–118)

1. Iemand/Tieners wat van liefdesverhale hou. ✓ (1)
2. Wanneer dit 'n baie goeie liefdesverhaal is. ✓
EN
Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.
Ja, die beskrywing van die roman dui op die ontwikkeling van liefde tussen Amber en Tim wat eers vriende word en later moontlik gekys word. Daar is ook 'n Jesebel (Jessica) in die verhaal wat die verhouding wil versuur, tradisioneel deel van 'n liefdesverhaal (om die struikelblokke te oorkom om uiteindelik die een wat jy bemin, te kry). ✓ (2)
3. Liefde tussen kinders staan soms as kalwerliefde bekend. ✓
EN
Jou Romeo ✓ (2)
4. Amber het by ander mense gehoor dat sy lelik is. ✓
EN
Sy het op Facebook daarvan gelees. ✓ (2)
5. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Nee, dit is nie regverdig dat sy (Amber) so genoem word nie, dit is nie ander mense se plek om jou te verneder op grond van voorkoms nie./Nee, Dit is nie regverdig dat sy (Amber) so genoem word nie, want elkeen weet wat vir hom/haar mooi is. ✓ (1)
6. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Ja, dit verwys na 'n inskrywing wat op sosiale media gemaak word en tieners praat soms gemengde taal op sosiale media en teksboodskappe.
OF
Nee, dit kon netsowel "Eina!" gewees het, want die boek is in Afrikaans geskryf. ✓ (1)
7. Dis vir die resensent verfrissend dat die held en heldin nie uit disfunksionele gesinne kom nie. ✓
EN
Dit impliseer dat die held en heldin in ander jeugromans dikwels uit disfunksionele gesinne kom. ✓ (1)
8. *Die leerder bied 'n TWEE eie gemotiveerde antwoorde vir EEN punt elk aan, bv.*
Nee, dit is veralgemening van tienerseuns se gedrag, want elke individu weet wat vir hom/haar mooi is en nie almal se smaak is presies dieselfde nie. Tienirseuns vry moontlik na meisies wat lyk soos modelle in tydskrifte of op televisieprogramme, maar het moontlik nie al die volwassenheid om eie smaak in 'n meisie se voorkoms of persoonlikheid te oordeel nie.
OF
Ja, tienerseuns vry net na meisies wat soos die modelle in tydskrifte lyk en sien nie die uniekheid in ander meisies raak nie. Tienirseuns wil almal koel en populêr wees en daarom vry hulle bv. net na netbalmeisies wat spandenims, Adidas Superstars en hoë blonde poniesterte dra. Tieners gesels op allerhande sosiale platforms soos Instagram, Tik Tok, Snapchat, Facebook sonder om ooit mekaar te sien en hou van die innerlike, maar nie van die uiterlike nie, want hulle is bang hulle maats sal dit afkeur. ✓
EN
Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.
Nee, Tim voldoen nie aan die stereotipe nie, want hy maak moeite om met Chantel 'n vriendskap te bou, al weet hy dalk nie hoe sy lyk nie. ✓ (3)
9. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
Romans met perde skep 'n droomagtige liefdesverhaal. OF Tieners hou van romans met perde en daarom is die verkope van hierdie genre romans suksesvol. ✓ (1)

10. Die perd het geleentheid gekry om water te drink voordat hy koud gelei is. ✓
 EN
Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.
 'n Mens moet eers 'n perd koudlei voor hy drink, of lou water gee sodat hy nie spysverterings-
 probleme soos koliek ontwikkel vanweë die skielike inname van koue water nie. ✓
 [Bron: <https://www.horseandhound.co.uk/horse-care/horse-care-tips/feeding-myths-fact-or-fiction-water-after-fast-work-70226>] (2)
11. *Enige VIER van die volgende menings vir EEN punt elk, bv.*
 Dit is 'n baie goeie liefdesverhaal.
 OF
 Die storie sluit by ander Afrikaanse fliëks aan.
 OF
 Die held en heldin kom nie uit disfunksionele gesinne nie.
 OF
 Beide seuns en meisies sal van die storie hou.
 OF
 Die boek is nie veronderstel om jou wind uit te slaan met die spreekwoordelike omgang met die
 duiwel nie.
 OF
 Die hoofstuktitels skep 'n lekker verwagting.
 OF
 Dit is nie 'n sentimentele boek nie.
 OF
 Die lesers se intelligensie word nie onderskat nie. ✓✓✓✓ (4)
12. Apollo ✓
 EN
 Dit is die hoofstuktitel/die enigste ander perdnaam. ✓ (2)
13. Figuurlik, dit beteken net dat Tim baie na die stalle gaan. ✓ (1)
14. 'n Vosperd ✓
 EN
 Nee, "Kutch en Flexor wat hulle net vir dressering gebruik" ✓ (2)
15. Hoërskool Caldwell ✓ (1)
16. Nee, "Tim ken haar eintlik van af en toe by die landgoed se stalle sien". ✓ (1)
17. Nee, Tim haal sy skouers onbelangstellend op. ✓ (1)
18. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
 Ja, want die heldin se beskrywing dat sy soos 'n model lyk, het die moontlikheid van 'n
 soetsappige storie wat by die soet en stroperigheid van spookasem pas. / Nee, die fokus is op
 die perde en die meisie se voorkoms word net terloops genoem. ✓ (1)
19. *Die leerder bied 'n eie gemotiveerde antwoord vir EEN punt aan, bv.*
 Nee, Chantel se karakter hou van die buitemuurse aktiwiteit perdry en sy Tim ken mekaar nie
 regtig nie, dus het sy nie die motief om Tim en Amber se vriendskap te onderskep nie.
 OF
 Ja, sy is die spreekwoordelike Jesebel wat hom nooi om saam met haar perd te ry, sy is baie
 mooi, haar liggaamshouding is soos dié van 'n model wat verbyswiep en is baie gaaf met hom
 om guns te wen. ✓ (1)
- [TOTAAL: 30]**

Lidwoorde (bl. 118–120)

1.

- a) 'n ✓
- b) 'n ✓
die ✓
- c) die ✓
die ✓
- d) 'n ✓
die ✓
- e) 'n ✓
- f) die ✓
- g) die ✓
- h) die ✓
- i) 'n ✓
die ✓
'n ✓
die ✓
- j) 'n ✓

2. Die leerder bied 'n eie verklaring aan wat beteken dat die lidwoord “'n” op die algemene dui terwyl die lidwoord “die” ’n spesifieke aanduiding is, bv.

- a) Dit is nie 'n bok nie. – Dit is nie 'n bok nie, dit is 'n ander tipe dier.
Dit is nie die bok nie. – Dit is 'n bok, maar nie die spesifieke een waarna daar verwys/gesoek word nie.
- b) Die woord spook steeds by haar. – 'n Bepaalde woord spook steeds by haar.
'n Woord spook steeds by haar. – 'n Onbepaalde woord spook steeds by haar, maar die woord is onbekend aan die leser.
- c) Sy hou nie op praat oor die ding nie. – Sy hou nie op praat oor die spesifieke saak nie.
Sy hou nie op praat oor 'n ding nie. – Sy hou nie op praat oor 'n onbepaalde stel sake nie.
- d) “Jou pa is seker in die studeerkamer. Hy werk ook nog.” – Die pa is nog in die spesifieke studeerkamer waar hy nog werksaam is.
“Jou pa is seker in 'n studeerkamer.” – Die pa is in 'n onbepaalde studeerkamer en nie in 'n spesifieke studeerkamer in 'n bekende ruimte nie.

3.

- a) Daar word na “perde” in die algemeen verwys. ✓
- b) Dit dui op alle melkskommels en nie net een spesifieke een nie. ✓
- c) Dit verwys na alle tennisbane in die algemeen. ✓

Telwoorde (bl. 120–122)

1.

- a) Bepaalde rangtelwoord ✓
- b) Onbepaalde rangtelwoord ✓
- c) Onbepaalde rangtelwoord ✓
Onbepaalde rangtelwoord ✓
- d) Bepaalde hooftelwoord ✓
- e) Bepaalde rangtelwoord ✓
- f) Onbepaalde rangtelwoord ✓
- g) Bepaalde hooftelwoord ✓
- h) Bepaalde hooftelwoord ✓
- i) Bepaalde hooftelwoord ✓
- j) Bepaalde hooftelwoord ✓

- 2.
- a) ses duisend twee honderd en twaalf /
sesduisend tweehonderd-en-twaalf ✓
 - b) twee en veertig/
twee-en-veertig ✓
 - c) negentien/neëntien ✓
 - d) vier miljoen nege honderd sewe en tagtig duisend
viermiljoen nege honderd sewe-en-tagtigduisend ✓
 - e) twee honderd sewe en dertig
tweehonderd sewe-en-dertig ✓
- 3.
- a) dekade
 - b) millennium
 - c) kwartaal
 - d) daaglik
- 4.
- a) min/verskeie
 - b) sommige
 - c) verskeie
 - d) aantal
- 5.
- a) eerste span
 - b) sestien
 - c) twee honderd vyf en twintig
 - d) Derde Straat

Voegwoorde (bl. 122–126)

- 1.
- a) Apollo klim die steiltetjie van die wal moeiteloos uit terwyl hy stadiger beweeg. ✓
Onderskikkend ✓
 - b) 'n Hele ent ry hulle af met die pad, dan verander hulle rigting waar die pad in twee deel.
✓
Onderskikkend ✓
 - c) Die perd laat sak sy kop en begin drink. ✓
Neweskikkend ✓
 - d) Dis alles op haar selfoon, maar sy hoef nie weer te kyk nie. ✓
Neweskikkend ✓
 - e) Dis nie idieaal nie, want die son sit smiddae reg bo 'n mens se kop. ✓
Neweskikkend ✓
- 2.
- a) Piet stap klas toe, maar Linda keer hom by die deur voor. ✓
 - b) Hy stap die stal binne en vryf oor Blits se nek. ✓
 - c) Linda skrik baie groot, want Blits runnik hard. ✓
- 3.
- a) Hy steur hom nie daaraan nie, want hy wonder skielik waar sy suster is. ✓
 - b) Dit was ook net betyds, anders sou Tim sy bewussyn verloor het, het hy later gehoor. ✓
 - c) Dís wat hy moet doen, besluit Tim, terwyl hy Apollo koudlei. ✓

- d) Hy voel altyd beter nadat hy by Apollo was. ✓
 e) Tim kan niks vir hom wegsteek nie, tog probeer hy. ✓
4. *Die leerders maak sinne van hul eie, met bv. die volgende voegwoorde, bv.*
 a) TYD: daarna; totdat; nadat; voordat; wanneer
 b) REDE: . . ., want . . .; gevolglik; dus; derhalwe; daarom
 c) VOORWAARDE: as, mits; teensy
5. Hy voel altyd beter nadat hy by Apollo was. → Hy was eers by Apollo, toe voel hy beter daarna. ✓

Nadat hy beter gevoel het, was hy by Apollo. → Hy het eers beter gevoel, toe was hy daarna by Apollo. ✓

Voorsetsels en vaste voorsetsels (bl. 126–129)

1. Hoe gaan hy deur die res van hierdie skooldag kom? Vier periodes strek voor hom uit. Afrikaans, Lewenswetenskap en 'n dubbelperiode Wiskunde – die kersie op die misbaksel van 'n dag. Op die stoep voor die Afrikaansklas oorweeg hy dit nog om nie in te gaan nie. Dalk kan hy net iewers op die skoolgrond gaan sit totdat die dag verby is. Dan kom die Afrikaansonderwyser se streng stem uit die klaskamer: “Kom, Tim, ek wag nie vir jou nie!” Die onnie het sy kop seker bo die hoë vensterbank sien uitsteek.
- 2.
- a) met ✓
 b) Oorkant ✓
 c) in ✓
 d) in ✓
 e) na ✓
 f) in ✓
 g) tussen ✓
- 3.
- a) met ✓
 b) vir ✓
 c) met ✓
 in ✓
 d) By ✓
 e) met ✓
 f) met ✓
 g) van ✓
4. *Die leerders maak eie sinne met die vaste verbindings met voorsetsels, bv.*
 a) Chantel maak 'n aanslag op die ruitersportrekord. /
 Die troepe maak 'n aanslag op die vyand.
 b) Tim tree op uit eie beweging om Amber sy meisie te maak. /
 Uit eie beweging het Chantel die perd na die stalle geneem.
 c) Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens sal die saak van bedrog in oënskou neem.
 d) Ter afsluiting van die dag se rit, het Chantel Comet na die stalle gelei.
 e) Dis nie om dowe neutte dat Amber en Tim se paadjies gekruis het nie.

5. *Die leerders maak eie sinne met bv. die volgende voorsetsels:*
- POSISIE: aan; agter; binne-in; bo; bo-op; buite; by; in; langs; met; naby; onder; oor; oorkant; op; teen; tussen; uit; van; voor; waarin.
 - BEWEGING: deur; in; na; om; oor; uit

Tussenwerpsels (bl. 129–130)

- Hy het vanoggend nog gedink alles is oukei. Jis, hy was blind. ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. verontwaardiging ✓
 - “Flippit,” sê Tim sag. Nou het hy nie 'n keuse nie. Hy moet ingaan. ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. gelate ✓
 - “Hei, Tim, ignoreer jy my? Ek vra wat aangaan?” ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. Die spreker wil Tim se aandag trek. ✓
 - “Gits, kyk jy nog animasie, Edgar?” ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. verbasing. ✓
 - “Sjoe, jy sal nie raai wat ek vanoggend gesien het nie,” sê Tim dan. ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. verbasing. ✓
 - “Jig, jy is 'n vark.” Marli klap hom sommer met die boek. ✓
Die leerders skryf 'n gepaste houding, emosie neer, bv. afkeer. ✓
- Die leerders maak eie sinne met bv. die volgende tussenwerpsels om die bepaalde houding/emosie weer te gee.*
 - OPGEWONDENHEID: hoera; jippie;
 - SKRIK: O, Griet!; hiert!; genugtig!; goeiste!; nee!
 - BEWONDERING: sjoe; bravo; o; aitsa
 - AFKEURING: sie; ga; aikôna; sies; gmf;
 - KOUE: b'rr

Hersiening (bl. 130–133)

- mnr. ✓ (1)
- Konnotatief, dit beteken dat sy meisie hom afgesê het/hy hartseer is nadat sy meisie hom afgesê het. ✓ (1)
- Die kalwerliefde-storie waarvan in die voorafgaande sinsdeel gepraat word, word verder omskryf. ✓ (1)
- Leerders se eie sin, bv. Die meisie sê haar kêrel af voor die skoolvakansie verby is.* ✓ (1)
- Onbepaalde hooftelwoord ✓ (1)
- Assimilasie ✓ (1)
- onskuldig ✓ (1)
- Bv. Amber stel daarin belang om as stalmeester opgelei te word.* ✓ (1)
- Akuutaksent ✓ (1)
- prentjies ✓ (1)
- 'n Soort of tipe verhaal, bv. liefdesverhale, speurverhale. ✓ (1)
- Indien die eerste woord in die sin die woord “n” is, word die tweede woord met die hoofletter geskryf. ✓ (1)
- “Veldiep” in paragraaf 1 is 'n eienaam wat met 'n hoofletter geskryf word terwyl “veldiep” in paragraaf 6 nie 'n eienaam is nie. ✓ (1)
- Die ruiter kom lank ná die ander die ren voltooi het, by die stalle aan. ✓ (1)
- Hooftelwoord: twee ✓
- EN
- Rangtelwoord: tweede ✓ (2)
- Ja, dit is 'n samestelling/bestaan uit meer as een stam. ✓ (1)

17. slik: Die gronddam in die plaas is op die oomblik vol slik. ✓ (1)
18. eeu ✓ (1)
19. 'n Woordgroepsamestelling word met koppeltekens geskryf. ✓ (1)
20. Diemersdal het vooruit geboer met Nieu-Seeland-wyn. ✓ (1)
21. *Enige EEN van die volgende drie moontlike drie woorde met 'n diftong:*
 Landbou /
 Bek-en-klouseer /
 Serfontein ✓ (1)
22. Jy kan veilingskok (so) oorleef. ✓ (1)
23. goed ✓
- EN
- beter ✓ (2)
24. Droom en armoede ✓ (1)
25. lyk: koppelwerkwoord ✓ (1)
26. “model” ✓ (1)
- [TOTAAL: 30]**

Hoofstuk 7: Sinsleer

Begripstoets (bl. 134–138)

1. Die hoofstuktitel verwys na 'n storm ✓ en die roman na die kind wat met 'n storm geassosieer word. ✓ (1)
2. Die kletterende/hewige reën wat op die dak val. ✓
 EN
 Die geloei/krag van die wind ✓
 EN
 “verskriklike” ✓ (3)
3. *Die leerders gee 'n gepaste gemotiveerde antwoord vir EEN punt, bv.*
 Die geluid wat 'n wolf maak is “huil” of “tjank”, dus is die vergelyking gepas. / Die wind loei en klink soos 'n wolf wat huil. ✓ (1)
4. Die huis se gewel kan intuïem. ✓
 EN
 Skoorstene van die huis kan afgeruk word. ✓
 EN
 Die storm kan dakplate wegwaai. ✓
 EN
 Die storm kan selfs 'n huis aan die ander kant van die berg gaan neersit. ✓ (4)
5. *Die leerders gee TWEE gepaste gemotiveerde antwoorde vir EEN punt elk, bv. ✓*
 Die huis se gewel kan intuïem en die huis vernietig/die gesin kan almal sterf onder die bourommel. ✓
 EN
 Die storm kan dakplate wegwaai en dan is 'n mens onbeskut van die wind en reën. ✓ (2)
6. 'n Verskriklike storm (paragraaf 2) word nie gewoonlik as 'n “wonderlike nag” (paragraaf 3) beskryf nie. ✓ (1)
7. Dis 'n wonderlike nag, want sy kan opstaan en buitentoe gaan. ✓
 EN
 Sy is seker van haar siening, want sy gaan in elk geval buitentoe. ✓
 EN
 “haar hele lyf tril”/“heerlikheid van die storm” (3)
8. Die uile soek skuiling teen die storm. ✓ (1)

9. Hy wil haar waarskynlik beskerm as sy in die nag uitgaan. ✓
EN
Die leerdere gee TWEE gepaste gemotiveerde antwoorde vir EEN punt elk, bv.
Nee, daar is gevaarlike weerligblitse in die lug en dit is so koud buite dat sy moontlik kan verkleum. ✓ (2)
10. “my allakragtie” ✓
EN
Die mans in die familie kry die naam Storm en Storm is ’n meisie. ✓ (2)
11. Jana ✓ (1)
12. Stormkind/StormJana ✓ (1)
13. Die wind ✓ (1)
14. Sy hoor die hoë note van haar ma se fluit. ✓ (1)
15. Sy is waarskynlik nie meer saam met Jana-hulle op die plaas nie/dood. ✓ (1)
16. *Die leerdere gee ’n gepaste gemotiveerde antwoord vir EEN punt, bv.*
Ja, dit pas by die romantitel, want die karakter, StormJana, word uitgebeeld. Ja, dit pas by die romantitel, want die wind waai deur die jong karakter se hare, wat die “storm” of “wind” van haar naam uitbeeld.
OF
Nee, daar is nie ’n kenmerklike stormagtergrond waarin die karakter, StormJana/Stormkind, uitgebeeld word nie. ✓ (1)
17. Dis ’n reëlbekende vervlegting van droom en werklikheid/stukkies van *Stories van Rivierplaas* en flardes donker sprokies. ✓ (1)
18. “flardes” ✓ (1)
- [TOTAAL: 30]**

Onderwerp, voorwerp en gesegde (bl. 138–140)

- 1.
- a) Jannie sing in elke episode ’n Afrikaanse liedjie.
O: Jannie ✓
DV: ’n Afrikaanse liedjie ✓
G: sing ✓
- b) Die lewe is ’n opwindende mallemeulerit.
O: Die lewe ✓
G: is ’n mallemeulerit ✓
- c) Vreugde is dikwels die eenvoud van die lewe ✓
O: vreugde ✓
G: is die eenvoud van die lewe ✓
- d) Jana skryf ’n boek oor haar ervaring as kind op die plaas.
O: Jana ✓
DV: ’n boek ✓
G: skryf ✓
- e) Die weerlig en donderweer in stormweer kan vreesaanjaend wees.
O: Die weerlig en donderweer ✓
G: vreesaanjaend kan wees ✓
- 2.
- a) Onderwerp ✓
Gesegde ✓
- b) Onderwerp ✓
Gesegde ✓
Indirekte voorwerp ✓

- c) Onderwerp ✓
Gesegde ✓
Direkte voorwerp ✓
- d) Onderwerp ✓
Gesegde ✓
- e) Onderwerp ✓
Gesegde ✓

Byvoeglike en bywoordelike bepalings (bl. 140–142)

1.
 - a) Sy sit regop in haar bed. ✓
regop: Bywoordelike bepaling van wyse ✓
 - b) Letjie se blou oë speur oor die veld. ✓
blou: byvoeglike bepaling ✓
oor die veld: bywoordelike bepaling van plek ✓
 - c) Jana sit langs !X'uri op die groot omgevalle boomstomp. ✓
Bywoordelike bepaling van plek ✓
 - d) Met ritmiese bewegings knie sy. ✓
Byvoeglike bepaling ✓
 - e) Die wilde diere ruik die reën wat op pad is ✓
wilde: Byvoeglike bepaling ✓
2. *Die leerders brei die sinne met eie bepalings uit, bv.*
 - a) Niemand luister na ouma Lien met die grysbolla nie.
 - b) Dit is hierdie aanhoudende wind wat haar roep.
 - c) Tarsus die spookperd runnik tevrede en verdwyn ondanks die storm in die nag.
 - d) Sy het haar ma mompelend hoor roep.
 - e) Ouma Lien vat 'n slukkie uit haar beker met die gekraakte oortjie.

Byvoeglike en bywoordelike bysinne (bl. 142–145)

1.
 - a) Byvoeglike bysin ✓
 - b) Byvoeglike bysin ✓
 - c) Bywoordelike bysin van tyd ✓
 - d) Bywoordelike bysin van tyd ✓
 - e) Byvoeglike bysin ✓
 - f) Onderwerpsin
 - g) Gesegdesin ✓
 - h) Onderwerpsin ✓
 - i) Voorwerpsin ✓
 - j) Gesegdesin ✓
 - k) Gesegdesin ✓
2. *Die leerders brei die sinne met eie bysinne soos gevra uit, bv.*
 - a) Sy word wakker van die kletterende reën op die dak, waaronder sy lê.
 - b) Dit is 'n wonderlike nag dat ons mekaar kon ontmoet.
